

KOMMUNIKAMMA



Teks vir die Week:

2 Pet 2:9 "Julle daarenteen is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendoms volk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na Sy wonderbare lig."

SAKE VIR GEBED

- * Wynne du Plessis is in die hospitaal.
 - * Dit gaan baie beter met hom, maar Peet Viljoen is steeds in die hospitaal.
 - * Bid vir Juliet Mc Kenzie wat rugprobleme ondervind.
 - * Dink in jul gebede aan al ons gemeentelede wat tuis versorg word en bedlënd is.
 - * Hierdie maand is vrouemaand. Bid vir vroue en dank die Here vir die groot rol wat vroue in die gesin, gemeente en gemeenskap speel.
 - * Ons vra die Here se seën op die gebruik van die 7 Weke Reeks Boekie.
 - * Die bendegeweld in ons stad en ons land neem nie af nie en ons vra dat u ernstig by die Here sal pleit dat Hy daar sal intree.
 - * Ons sien uit na die voltooiing van die veranderinge in ons kerk en ons bid God se seën daarop.
 - * Bid vir die dames Uitreik na Egipte en dat al die voorbereidings, geestelik, fisies en prakties glad sal verloop.
 - * Die droogte in dele van ons land neem werklik kritieke afmetings aan en ons vra dat u sal intree vir mense, diere en die veld.
 - * Bid vir die grondhervormingskwessie. 'n Skrywe oor die NG Kerk en grondhervorming, wat ons al meer as 'n jaar gelede beskikbaar gestel het, is weer in die voorportaal beskikbaar.
- Hierdie week se **gebedsversoek** is vir Christene in Tajikistan:
- * Bid saam dat regeringsdruk sal afneem in Tajikistan en dat die land meer toeganklik sal word vir die Christendom.

MES – DANKIE

MES bedank die gemeente hartlik vir die skenking van warm klere en komberse. Hulle kon heelwat behoeftiges help.

Dankie vir u omgee om Hoop, Liefde en Winter Warmte te versprei.

SONDAG 18 AUGUSTUS 2019

09:00 Gesamentlike nagmaal in die eietydse diens
Deurdankoffer vir Radio Feba
Kerkbodes is by die deure beskikbaar

Geen teebeurt 18 Aug as gevolg van nagmaal
Teebeurt 25 Aug: Papawer sel

MAANDAG 19 AUGUSTUS

12:45 Gebedskild in gebedskamer.

DINSDAG 20 AUGUSTUS

19:00 Leef@kerk.

WOENSDAG 21 AUGUSTUS

19:00 Kerkraadsvergadering.

VRYDAG 23 AUGUSTUS MANNEBYEENKOMS

05:00 Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68.

MERRYVALE MARKDAG

Die markdag is op Saterdag 31 Augustus vanaf 09:00.
Almal is baie welkom.

ACVV HUIS GENOT BASAAR

Huis Genot tehuis vir ouer persone hou basaar op 31 Augustus om 09:00 by Dykeweg 34, Algoapark.
Kom geniet die oggend saam met die inwoners en die Silwer Snare boereorkes.

KOM DIEN DIE HERE MET JOU GAWES

Ons het mense nodig as kerkraadslede en om te kom help by die diensterreine. Kontak enige dominee indien die Here jou lei om te kom dien met jou gawes.

NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan die volgende gesinne wat by ons gemeente aangesluit het:
Pieter en Magda Vosloo, The Orchard 207, Lorraine.
Leon en Joeline Barnard en kinders Isabelle en Lenke, Glenelgweg 61, Fernglen.

There4-Bedieninge nooi jou uit

om kaartjies van bemoediging te maak vir ons boeties en sussies in Egipte komende **Dinsdag 20 Aug '19** vanaf 10:00 tot 12:00.

Kontak gerus die kantoor op 041 360 1946 of vir Melissa op 071 361 8780 indien jy belangstel.

NOODSPENS

Ons gemeente se noodspens is dolleeg en daar is 'n groot behoefte aan nie-bederfbare produkte. Baie dankie aan almal wat bydra.

ALGOA GEMEENSKAPSKERK BYBELPROJEK

Algoa Gemeenskapskerk het 'n Bybelprojek waar hulle tweedehandse Bybels aan minderbevoorregte mense, kinders by Laerskool Piet Retief en aan die jeug van die gemeente wil uitdeel.

Indien jy Bybels in jou huis het wat jy nie gebruik nie, of 'n donasie wil maak, kan jy dit by die kerkkantoor inhandig.

NUWE LIDMATE

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: www.ngkraggakamma.co.za.

Die Schmidt familie wil graag dankie se vir almal wat tydens Frans se siekte en heengaan na ons uitgereik het, hetsy deur 'n oproep, sms, besoek, eetgoed, blomme, drukies en teenwoordigheid by die diens. Ook dank aan die span dames wat die tee bedien en eetgoed voorsien het. Dit het ons absoluut versterk en bemoedig – die liefde en bemoeienis van Kraggakamma se geloofsgemeenskap. Julle is kosbaar en die sout van die aarde.

ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK

Die Kamp vir egpare vind plaas op 4-6 Oktober by Eersterivier.

Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei.

Kontak Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357) per sms of watts app indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings, kontak vir Sonja.

Verblyf: Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir 7 pare, asook vir 4 tente/karavane op die gronde teen R85 per persoon per nag. Daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek. Kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.

Kamp koste: R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.

Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

KERSMARK 8 – 9 NOVEMBER

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting.

Ons is ook op soek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark. Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.

LOUISA MEYBURGH TEHUIS BASAAR

Die Tehuis hou basaar op **7 September 2019** om 09:00 by Assenburgstraat, Kabegapark. Kom ondersteun asb die Tehuis wat die fondse so nodig het. Enige bydraes of hulp is baie welkom. **Ons kerk is verantwoordelik vir hulp by die pannekoek en naaldwerk tafels.**

Kontakpersone is Marlene Postma (0413605243) of Ansie Vorster (041-3794169).

Die Tehuis benodig ook op n gereelde basis toiletware soos seep, skeermesse, pleisters, babapoeiers, ens. Enige bydraes kan by kerkkantoor ingehandig word.

KLAGGEBED VIR VROUEMAAND

Luister tog, Herder van Israel, U is die Een wat sorg, die Heilige! Wees ons naby. Oral om ons sien ons geweld, onreg en die misbruik van mag – in ons huise, kerke, dorpe en land, maar ook in strukture en ideologieë. Openbaar u mag en kom help ons tog! Almagtige God, laat dit weer met ons goed gaan. Verskyn tog tot ons redding! Here, almagtige God, hoe lank nog sal U afsydig staan teenoor die gebed van u volk? U het aan ons trane vir kos gegee en ons 'n beker vol hartseer laat drink. Ons vroue word verkrag, ons dogters gemolesteer, ons oumas geslaan, ons jong meisies mishandel en ons werkende vroue onderdruk. Almagtige God, laat dit weer met ons goed gaan. Verskyn tog tot ons redding! Hou u hand oor die mense wat deur U uitgekies is, oor elke mens wat na u beeld geskape is. Here, gee aan ons monde wat die stilte oor gesinsgeweld breek, ore wat die stemme hoor van die stemlose vroue en kinders wat mishandel word, oë wat die verborge seer sien van dié wat gemolesteer is, en lywe wat 'n veilige ruimte skep waar mense genesing kan vind. Almagtige God, laat dit weer met ons goed gaan. Verskyn tog tot ons redding!

There4-Bedieninge reis na Egipte

12 Dames besoek in September Egipte om vrouens wat in vervolging lewe te gaan bemoedig en na hulle harte te luister.

Ons benodig tans : Bedsokkies, "pocket tissues", "shower gel" vir mans, luuksepies en handeroompies, bv Oh so heavenly.

Ons wil ook Bybels in die hande plaas van nuwe gelowiges @ R150 per Bybel.

Kontak asb ons kantoor vir verdere inligting: 041 360 1946.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..